



Hoof: ☎: hoof@hmswart.co.za
Sekretaresse: ☎: hms@work.co.za
Finansies: ☎: finansies@hmswart.co.za

Tel: 017 647 6528/9
Faks: 017 647 3952

Posbus 142
BETHAL 2310

LAERSKOOL H.M. SWART

11 Oktober 2012

WIE DIT MAG AANGAAN

NAVRAE: ME. V. DRINKWATER

N.a.v. u navrae net die volgende inligting:

Gedurende 2009 het me. Drinkwater se gehoor al verder agteruit gegaan. Dit het meer en meer problematies geword t.o.v. die onderrig van leerders.

Gedurende 2010 het die klagtes van ouers meer geword en ek het besluit om haar in die bemarkingsveld aan te wend. Dit was 'n groterwordende portefeuilje wat in die moderne skool al belangriker geword het. Ek het haar uit die klas gehaal en as bemarker/fondsinsamelaar begin aanwend.

Dit het baie vinnig begin vrugte afwerp en sy het 'n reuse aandeel in o.a. borgskappe vir nuwe badkamers, palissades en die implementering van verskillende fases van die Interaktiewe borde gehad. Dit het te weeg gebring dat sy vir lang tye min by die skool te sien was: sy het myne en besighede ver en wyd besoek. Sy woon in Trichardt en het partykeer nie direk skool toe gekom nie.

Die impak van haar bemarkingsportefeuilje het honderde duisende rande verskil per jaar gemaak en werklik die skool op 'n ander vlak geplaas.

Ek kan verstaan dat dit vreemd kon lyk vir 'n buitestaaander, want sy het nie meer fisies klas gegee nie, maar sy was steeds van onskatbare waarde vir die skool.

Sy het deeltyds ook as eiendomsagent gewerk, maar dit het glad nie haar toegewydheid aan die skool beïnvloed nie, intendeel.

Ek wou haar graag langer aanhou, maar sy het besluit om April 2012 op vroeë pensioen te gaan.

Ek vertrou dat bogenoemde u vrae beantwoord. Aangeheg vind u alle dokumentasie soos deur u aangevra, op kort kennisgewing.

Die uwe

J R DU PLESSIS
HOOF (082 091 2125)

Skool met trots - sedert 1909